Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, September 12, 2021
Page: 16

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Vyf geldfoute wat jou kan pootjie

Daar's geen kortpad wanneer dit by gesonde beplanning kom nie

Ons almal probeer, of behoort te probeer, om vir onsself welvaart te skep terwyl ons werk en 'n inkomste kry.

Wie wil dan 'n lewe lank werk en eendag terugkyk en besef jy het eintlik niks om daarvoor te wys nie?

Die antwoord is eenvoudig: Spaar.

Spaar vroeg. Spaar genoeg. Spaar gereeld.

En moenie dat onnodige skuld (ook genoem gierigheid) jou spaardoelwit kelder nie. Die probleem is net, en dit sal vir baie lesers dalk vreemd klink, jy kan jouself ook arm spaar. Regtig.

Daarom het ek gereken dis dalk goed om vandag te fokus op 'n paar spaarslaggate wat tot finansiële ellende kan lei.

Hier is vyf van hulle.

1. Kry 'n finansiële beplanner

Dis eenvoudig. Ek betaal my motorwerktuigkundige, my dokter, prokureur en ouditeur vir hul kundigheid.

Ek probeer nie self om my skete te diagnoseer of om my eise in die hof te hanteer nie. Dis dom mense wat so werk. Hoekom dan nie 'n kundige finansiële beplanner betaal vir sy of haar dienste om jou te help om welvaart te skep nie? Om groot geld te verdien sê niks van jou vermoë om ook die regte beleggingsbesluite te neem nie. Of om te beplan vir jou finansiële risiko's nie.

2. Moenie geluk met vernuf verwar nie

Ek weet sommige doen dit en ek kritiseer nie. As jy jou eie beleggings wil hanteer, doen dit gerus, dit is immers jou geld. Ek wys net op die risiko's.

Soos dat jy dalk in 'n tyd van goeie opbrengs goeie groei gekry het en dan dink dit sal so voortgaan.

Geluk is nie vernuf nie. Die waarheid is as jy nie die waarde van 'n bate kan bepaal nie, kan jy nie die risiko evalueer nie.

Die groot batebestuurders het spanne kundige mense wat navorsing doen oor maatskappye om die waarde van 'n aandeel te bepaal, tesame met die risiko. Jy het dit nie. Waarop grond jy jou beleggingsbesluite?

Wag jy totdat die mark "goed lyk" voordat jy belê? Jammer, maar dan is dit gewoonlik te laat. Jy het die groei gemis.

Die grootste groei vind plaas baie vroeg in die opwaartse kurwe.

3. Die mite van 'n ingeligte besluit

Ek kry dit gereeld. Mense wat vra vir 'n beleggingsvoorstel is soms baie verbaas as ek sê nee.

Stel my aan teen my tarief, dan werk ek vir jou soos enige professionele persoon behoort te doen. Kundige mense werk nie op spekulasie nie.

Maar baie mense verstaan dit nie en verduidelik dan dat hulle verskillende beleggingsvoorstelle wil sien, sodat hulle 'n "ingeligte besluit" kan neem.

Ek het nuus vir diegene wat so redeneer. Jy kan nie 'n ingeligte besluit neem as jy nie genoeg kennis van die vakgebied het nie. Op grond waarvan besluit jy? Jy loop die risiko om jouself oop te stel vir die produksmouse. Diegene wat die verlede se opbrengssyfers en kleurgrafieke onder jou neus kom druk, wetende baie mense val daarvoor.

Jou beleggingsdoelwit, jou finansiële vermoë, behoeftes en risiko's tel soms minder as die kommissie.

Kies self jou raadgewer. Moenie dat hy of sy jou kies nie.

4. Bangbroeke word nie ryk nie

As jy in Maart verlede jaar uit vrees omdat die mark skielik gedaal het weens die Covid-19-paniek jou spaargeld onttrek en dit in 'n geldmarkfonds of by 'n bank gaan belê het, het jy jouself lelik in die voet geskiet.

Sommige fondse het intussen tot 40% groei gehad. By die bank het jy 3% of 4% rente verdien.

Ek het dieselfde gesien in 2008 toe die markte in vryval gaan. Ek weet van makelaars wat kliënte se geld na 'n geldmarkfonds geskuif het (terloops, ná die daling in die mark) en teen 2013, vyf jaar later, steeds in die geldmark was. Al die groei sedertdien is gemis.

As jy langtermyn belê, het jy blootstelling aan groeibates nodig en dit sluit in aandele en eiendom. En dis tot jou voordeel om belê te bly. Banke en geldmarkfondse is bedoel om geld wat jy binnekort nodig gaan kry te "parkeer". Dit is nie 'n opsie vir kapitaalgroei oor tyd of vir inkomste nie. Inflasie gaan jou vang.

5. Moenie dat emosie jou dryf nie

Politieke emosie is veral 'n groot risiko as dit by beleggingsbesluite kom.

Ongelukkig is daar diegene wat dit aanblaas om hul produkte te smous, wetende dat baie mense toelaat dat hierdie emosie hul verstand oorheers. Veral sien ons dit met die smous van beleggings in die buiteland omdat Suid-Afrika kwansuis so 'n sleg plek is.

Ek weet van baie mense wat hul vingers verbrand het, want intussen het die rand versterk teenoor die dollar en bied opkomende markte, waarvan Suid-Afrika 'n leier is, beter groeigeleenthede.

Bedryf gerus jou politiek langs die vleisbraaivuur, maar dink nugter oor jou beleggings.

Jy kan môre jou politiek verander, of verskoning vra, maar jy kan nie geld terugkry wat jy verloor het nie.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.